higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TEORIE VAN POLISIERINGSPRAKTYKE
NKR VLAK 3

(8011023)

16 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

412Q1N2216

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Demokrasie is 'n stelsel van …

A nieverteenwoordigende regering.
B verteenwoordigende regering.
C wanverteenwoordigende regering.
D voorkomende regering.

1.2 Die polisie is verantwoordbaar teenoor die gemeenskap vir hul optredes.

'n Voorbeeld van verantwoordbaarheid en onafhanklikheid is:

A Die rol van die polisieminister is om 'leiding' aan die polisie te gee.
B Die rol van die nasionale kommissaris is om 'leiding' aan die polisie te gee.
C Die rol van die polisieminister is om die polisie te 'bestuur'.
D Die rol van die polisieminister is om verantwoordbaar teenoor 'n reeks vêrregse liggame te wees.

1.3 Die minimum geweld wat polisie mag gebruik beteken …

A hulle mag nie enigiemand skiet nie.
B hulle mag enigiemand skiet wat ernstige misdaad in hul teenwoordigheid pleeg.
C hulle mag enigiemand skiet vir enige soort misdaad.
D hulle mag slegs skiet as dit nodig is om die wet toe te pas.

1.4 Reaksie op 'n oproep verwys na:

A Alle polisiebeamptes wil so gou moontlik by die misdaadtoneel uitkom.
B Polisiereaksietyd is vinnig genoeg om aandag aan die klagte te gee.
C Polisiereaksietyd staan ook bekend as reaksietyd.
D Die tyd wat dit 'n polisiebeampte neem om op 'n oproep te reageer totdat die saak opgelos is.

1.5 Vigilantisme is wetstoepassing wat onderneem word …

A met wettige gesag deur 'n selfaangestelde groep mense.
B sonder wettige gesag deur 'n selfaangestelde groep mense.
C teen wettige gesag deur 'n selfaangestelde groep mense.
D teen onwettige gesag deur 'n selfaangestelde groep mense.

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Uitvoering van die wet verwys na die polisiemag.

2.2 Gemeenskapspolisiëring is 'n alleenstaande program.

2.3 Uitkomsgebaseerde onderwys, opleiding en ontwikkeling (UGOOO) is 'n leerdergesentreerde leerfilosofie wat daarop fokus om die leerder se prestasies teenoor uitkomste te meet.

2.4 Leerders gebruik die werklike toerusting en dokumente wat hulle in die onmiddellike werksomgewing sal gebruik as hulle indiensopleiding ontvang.

2.5 Spanleierskap kan bestudeer word vanuit twee hoeke, naamlik om die leierskapseienskappe van spanleiers te ondersoek of deur die leierskapsrolle (binne die span) van die spanlede te bestudeer.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Kies 'n term vanuit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Die aanleer van kennis, vaardighede en gesindheid om vir 'n toekomstige rol te gebruik	A	geheime polisiewerk
3.2	Verklaring oor hoe mense moet optree of hulself gedra	B	polisiegroepetiek
3.3	Finale stap in die bestuursproses	C	Maslow se hiërargie van behoeftes
3.4	Die etiese gedrag van 'n groep polisiemense	D	opleiding
3.5	Om van enige ander persoon enige vergoeding te aanvaar, toestemming daarvoor te verleen of 'n uitnodiging daartoe te rig	E	etos
3.6	Mense sal altyd meer wil hê	F	SAPD se gedragskode
3.7	Die proses om 'n struktuur te skep	G	organisering
3.8	Iemand se persoonlike geloofwaardigheid, die vertroue wat mense in 'n persoon se integriteit het	H	korrupsie
3.9	Mense sal deur prestasie gemotiveer word	I	die doel van ontwikkeling
3.10	Gedragskode vir uniformlede van die SANW	J	kontrole
		K	onderwys
		L	oorlogsreëls
		M	McClelland se model van verworwe behoeftes

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

mopanies; nienoodsaaklike voedingstowwe; vrugte; nier; ongebalanseerde dieet; hande; bene; noodsaaklike voedingstowwe; skedel; onbelangrik; belangrik; spiere; gebalanseerde dieet

Die voor- en nadele van noodsaaklike voedingstowwe:

Wanneer dit by voeding kom, is 'n (4.1 …) en matigheid (4.2 ….). Die rede hiervoor is omdat jy siek kan word as jy te veel of te min van enige van die (4.3 …) het. Byvoorbeeld, as jy te min kalsium het, sal jou (4.4 …) sag en swak raak. Maar as jy te veel kalsium het, kan jy (4.5 …) en hartprobleme ontwikkel.

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 25

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

5.1	Beskryf in jou eie woorde wat bedoel word met *polisiediskresie.*	(3)
5.2	Gee DRIE eienskappe van wetstoepassing om jou begrip daarvan te illustreer.	(3)
5.3	Verduidelik VYF artikels van die CCLEO (gedragskode vir wetstoepassende beamptes) in jou eie woorde.	(5)
5.4	Definieer *persoonlike etiek* deur te verwys na die betekenis van etos.	(3)
5.5	Die Metropolitaanse Polisieagentskap se gedragskode sluit afsonderlike aspekte soos 'gebruik van geweld en misbruik van gesag', 'vertroulikheid' en 'wettige bevele' in. Bespreek die *wettige bevele* in hierdie gedragskode.	(2)
5.6	Bespreek TWEE voordele van indiensopleiding.	(2)
5.7	Wat gebeur as jou voeding gebrekkig is?	(2)
5.8	Beskryf in jou eie woorde wat bedoel word met *intermediêre strekking.*	(2)
5.9	Die werksverwante batteryfiksheidstoets bestaan uit verskeie komponente soos 'spring oor die sloot', 'klouter oor die muur' en die '120 m-naelloop'. Verduidelik in jou eie woorde wat die *120 m-naelloop* is.	(4)
5.10	Regverdig die belangrikheid van Vitamien C in 'n gesonde dieet.	(2)
5.11	Gee TWEE wenke om ontwatering tydens werksure te voorkom.	(2)
		[30]

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C

VRAAG 6

Lees die paragraaf hier onder en beantwoord die vrae.

> Met die Suid-Afrikaanse Grondwet in gedagte is dit te verwagte dat alle polisielede etiek sal toon in die polisie-omgewing. Ons het 'n konsep genaamd gemeenskapspolisiëring waar die Suid-Afrikaanse Polisiediens afhanklik is van die gemeenskappe wat hulle bedien om doeltreffende polisiëring te verseker.

6.1 Verduidelik in jou eie woorde wat *gemeenskapspolisiëring* is. (5)

6.2 Noem SES etiese aspekte wat vir polisiëring benodig word. (6)

6.3 Verduidelik in jou eie woorde wat bedoel word met *probleemgeoriënteerde polisiëring.* (5)

6.4 Verduidelik in jou eie woorde wat *karakteretiek* behels. (5)

6.5 Verduidelik in jou eie woorde wat 'n *operasionele plan* is. (2)

6.6 Verduidelik in jou eie woorde wat bedoel word met die omgedopte teorie van leierskap ('*inside-out theory of leadership*'). (2)

[25]

TOTAAL AFDELING C: 25

Kopiereg voorbehou

AFDELING D

Kies enige EEN vraag uit hierdie afdeling.

VRAAG 7

Lees die paragraaf hier onder en beantwoord die vrae.

Sommige mense beleef die SA Polisiediens as 'n 'polisiemag' want hulle moet geweld gebruik in die bestryding, voorkoming en ondersoek van misdaad. Ander mense beleef die SA Polisiediens as 'n 'polisiediens' want hulle sertifiseer afskrifte van ID-kaarte. Die beginsel van minimum geweld moet aangespreek word tydens die polisiëring van die land.

7.1 Verduidelik wat bedoel word met *minimum geweld* en gee voorbeelde. (10)

7.2 Onderskei tussen die konsepte *polisiemag* en *polisiediens.* (10)
[20]

OF

VRAAG 8

Lees die stelling hier onder en beantwoord die vrae.

Polisiewerk is 'n hoër roeping as net 'n gewone werk of loopbaan. Die loopbaan van 'n polisiedienslid word deur arbeidswette gereguleer. Enigiemand wat vir die SA Polisiediens werk, moet hoë persoonlike etiese waardes hê en dienooreenkomstig optree. Daar is 'n sterk verhouding tussen persoonlike en professionele etiek.

8.1 Bespreek die verhouding tussen *persoonlike etiek* en *professionele etiek* in 'n polisiekonteks. (10)

8.2 Bespreek in jou eie woorde die rol van georganiseerde arbeid binne die polisiekonteks. (10)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou